DAG 30

Vreugdeolie

Lees Jesaja 61:1-3.

… om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugdeolie vir treurigheid… (v. 3 O.V.).

Vreugde is 'n vrug van die Heilige Gees. Dit verskil van 'n kortstondige ervaring van bly wees omdat omstandighede vir jou reg is.

Die vreugde wat die Here deur die Heilige Gees vir jou wil gee gaan verby die ervaring wat jou omstandighede dikteer. Die Skrif praat in die 1953-vertaling van vreugdeolie. Dit is juis daar vir die treurendes. Dit is hulle wat ervaar dat die swaarkry, probleme en uitdagings van die lewe hulle wil onderkry. Hulle kan 'n ervaring van uitbundige vreugde beleef soos Paulus en Silas wat in die tronk hulle nog in die Here kon verbly.

Onthou jy nog? Dit was middernag. Hulle kon die volgende dag ter dood veroordeel word. Ons sou 'n atmosfeer van neerslagtigheid in hierdie negatiewe situasie verwag het. En tog sing hierdie

twee manne, in die donkerste uur van hulle lewe, lofliedere tot eer van die Here.

Dit is wanneer ons ontdek dat ons oorwinning reeds in Christus Jesus bevestig is. Dan word ons nie deur ons omstandighede geïntimideer nie. Ons begroet elke dag met blydskap want die Here is met ons.

Here, kom maak my wakker met oorwinningsliedere van bevryding, sodat ek kan juig in die oorwinning van my Heer en Meester, Jesus Christus.

Aantekeninge: